

Die afswaai in besigheidswinste en die implikasies daarvan

Suid-Afrikaanse besighede is onder druk. Die totale netto bedryfsoorskot (NBO) vir alle korporasies (verteenvoerdigend van besigheidswinst) het verlede jaar met 3.8% gedaal – die slegste uitkoms sedert die vorige resessie (NBO het in 2009 met 0.9% gedaal).


Intussen het die aandeel van NBO vir alle korporasies in die totale BNP van 'n onlangse hoogtepunt van 15.8 persent in 2008 tot 11.9 persent verlede jaar gedaal – die laagste vlak sedert die ontluikende markte-krisis van die laat 1990's.

Een rede vir die afname in korporatiewe winsgewendheid is die voortgesette stewige groei in arbeidsvergoeding. Vergoeding vir werkers in niefinansiële en finansiële korporasies (uitgesluit vergoeding wat in die rekeninge vir huishoudings, organisasies sonder winsbejag wat huishoudings bedien en algemene regeringsvergoeding vasgelê word) het in 2015 stewig teen 8.0 persent en 9.3 persent onderskeidelik, of 8.2 persent in totaal, toegeneem.

Verskeie kleinsakeondernemings se verdienste het wel sterk gegroei oor die afgelope jaar. Maar die gteruitgang in die besigheidsgewing word egter in die swak totale verdienstesifer van klein besighede wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is, weerspieël. Weliswaar word die verdienstedata van hierdie indeks erg deur die relatief onlangse insluiting van mynweese-verwante aandele (waarvan die verdienste ineengestort het) verwing. Maar indien ekonomiese groei nie verbeter nie is dit waarskynlik dat kleinsakeondernemings se verdienste meer breedvoerig sal verswak.

JSE verdienste van kleinkapitalisasie-aandele – verwing deur spesifieke industrië

(%jr)



Bron: I Net

Wat is die implikasies?

Gegewe laer winsmarges sal besighede waarskynlik kostes, kapitaaluitgawes en indiensname-uitgawes ingesluit, sny. Dit impliseer voortgesette stremming van binnelandse besteding. Op sy beurt is dit oor die algemeen slegte nuus vir klein besighede.

Voorts is die netto bedryfsoorskot die basis waarop maatskappybelasting gevorder word. In die lig van die omvang van die afswaai in winste blyk dit dat die Nasionale Tesourie se begrote 4.9 persent verhoging in maatskappybelasting vir die huidige fiskale jaar (Begrotingsoorsig van Nasionale Tesourie, 2016) te optimisties is. Swak inkomstegroei in die breë ekonomie hou risiko in vir regeringsinkomstegroei in die fiskale jaar wat voorlê. Verder is daar ook die risiko van belastingverhogings.

Ten minste, sover dit klein besighede betref, het die fiskale owerhede groei in klein besighede deur middel van belastingaansporings probeer aanmoedig en erkenning verleen aan die belangrikheid van klein besighede in werkskepping.

Die Tesourie bereken dat die korporatiewe belastingbesparing vir klein besighede as gevolg van verminderde hooflyn- korporatiewe belasting en die Artikel 12E-waardeverminderingstoegewing in 2013/14 (die mees onlangse jaar waarvoor 'n skatting beskikbaar is) R2.23 biljoen beloop het.

As die bykomende aansporings met betrekking tot navorsing en ontwikkeling, die film-aansporing, leerderskaptoelaes en aansporings vir stedelike ontwikkelingsones ingesluit word, styg die besparings vir alle korporasies tot R4.61 biljoen in 2013/14.

Maar hierdie aansporings kan nie vergoed vir die tallose kragte wat klein besighede in Suid-Afrika negatief raak nie, soos lae produktiwiteit, swak binnelandsebesteding aanvraag, periodieke infrastruktuurknelpunte en hoër rentekoerse.

Wat laasgenoemde betref, het ek al op talle geleenthede die argument voorgelê dat befondsing 'n sleutelhindernis vir die ontwikkeling van klein besighede in Suid-Afrika is. Die Tesourie stem saam. Gevolglik is die waagkapitaalmaatskappystelsel in 2008 begin om ekwiteitsfinansierders aan te spoor om in klein besighede te belê. In die Begrotingsoorsig van Februarie 2016 merk die Tesourie egter op dat "die toepassing van sekere voorwaardes op hierdie maatskappye tot gevolg kan hê dat moontlike beleggers planne om van hierdie aansporing gebruik te maak, kan skrap". Die oorsig dui gelukkig ook aan dat beamptes van die tesourie 'n oplossing hiervoor ondersoek.

Maar strenger toestande vir befondsing heers.

Langtermynrentekoerse is verhoog en die Reserwebank blyk vasbeslote te wees om sy beleidskoers verder te verhoog. Die bank behoort nader aan die einde van die opwaartse aanpassingsiklus vir die rentekoers te wees, as aan die begin daarvan, op voorwaarde dat sy inflasievooruitskattings (wat hooflyn-VPI met 'n hoogtepunt van gemiddelde 7.3 persent in 1Q17 aandui) korrek is. Nietemin impliseer kommunikasie van die bank dat dit waarskynlik nie klaar is nie.

Verder is die uitkoms met betrekking tot Standard and Poor's se soewereine skuldgradering wat in Junie 2016 verwag word onseker. Argumentsalwe is die vooruitsig van 'n afgradering reeds grootliks in die langtermynaandelemarkpryse ingewerk. Maar selfs dan is die agteruitgang van Suid-Afrika se graderings in die afgelope paar jaar rede tot kommer; veral aangesien daar nog nie 'n duidelike pad na hoër ekonomiese groei sigbaar is nie.

Ongelukkig is voortgesette aanpassing by die reële ekonomie deur die loop van die jaar onvermydelik.

Geskryf deur Arthur Kamp, Beleggingsekonoom, Sanlam Beleggingsbestuur